

Errata

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 54(4), Desember 2014:

- 1) Die Afrikaanse opsomming in die volgende artikel

GERDA ODENDAAL

Moet Afrikaans geherstandaardiseer word? / Should Afrikaans be restandardised?
(Jrg 54(4):656-674)

moet lees:

OPSOMMING

Soos elders in die wêreld word die geldigheid van die standaardtaal reeds sedert die 1980's in die Afrikaanse spraakgemeenskap bevraagteken vanweë die gepolitiseerdheid en diskriminerende aard daarvan. Standaardafrikaans se verbondenheid aan apartheid het die vraag laat ontstaan of Afrikaans nie geherstandaardiseer moet word nie. Hierdie artikel poog om 'n antwoord hierop te bied deur vanuit 'n sosiolinguistiese oogpunt ondersoek in te stel na die wenslikheid van die herstandaardisering van Afrikaans. Dit word gedoen deur eerstens 'n oorsig te gee oor die redes waarom Standaardafrikaans veral sedert die 1980's nie as verteenwoordigend van die totale Afrikaanse spraakgemeenskap beskou word nie. Drie redes word hiervoor aangevoer, waaronder die oormatige vernederlandsing van Afrikaans tydens standaardisering, die miskienning van die Engelse invloed op Afrikaans deur middel van anglisismejag, en die miskienning en uitsluiting van ander variëteite van Afrikaans gedurende die standaardiseringsproses.

- 2) Die affiliasie van die volgende keurder, soos opgeneem in die lys van Keurders 2014, aan die einde van die tydskrif, moet lees:

Marié Schoeman, Universiteit van Pretoria, Nasionale Departement van Basiese Onderwys.

Prof Ina Wolfaardt-Gräbe

Redakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Mei 2015